# LUG U MENING

## Fiskale Raamwerk en Inkomstevoorstelle

## Voorleggings en Verhore

Die Staande Komitee oor Finansies en die Gekose Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike voorleggings in te dien oor die Fiskale Raamwerk en Inkomstevoorstelle wat saam met die Begroting vir 2026-27 op Woensdag, 25 Februarie 2026 ter tafel gelê sal word.

**Die Wet op Geldwetsontwerpe Wysigingsprodesure en Verwante Sake, Wet No 9 van 2009, omskryf die fiskale raamwerk as volg:**

*die raamwerk vir ’n spesifieke boekjaar wat die makro-ekonomiese beleid van die nasionale uitvoerende gesag ten uitvoer bring en die volgende insluit -*

*(a) ramings van alle inkomste, begroting en buitebegroting wat afsonderlik gespesifiseer is, wat na verwagting gedurende daardie boekjaar ingesamel sal word;*
*(b) ramings van alle uitgawes, begroting en buitebegroting wat afsonderlik gespesifiseer is vir daardie boekjaar;*
*(c) ramings van lenings vir daardie boekjaar;*
*(d) ramings van rente- en skulddienskoste; en*
*(e) ’n aanduiding van die gebruiklikheidsreserwe benodig vir gepaste optrede in noodgevalle of ander tydelike behoeftes, en ander faktore wat op soortgelyke objektiewe kriteria gebaseer is.*

**Openbare verhore sal via Zoom op ~~Woensdag~~Dinsdag, ~~04~~ 10 Maart 2026 gehou word.**

**Diegene wat voorleggings by die openbare verhore op ~~Woensdag~~Dinsdag, ~~04~~ 10 Maart 2026 wil doen, moet dit spesifiek versoek. Hierdie verhore sal op die Zoom-platform gehou word.**

**Voorleggings en voorneme om ’n mondelinge voorlegging te doen moet teen nie later nie as 12:00 op Maandag, 09~~2~~ Maart 2026 ontvang word.**

**Voorleggings moet gerig word aan die Komiteesekretarisse, mnr Allen Wicomb en me Teboho Sepanya (Staande Komitee oor Finansies) en mnr Nkululeko Mangweni (Gekose Komitee oor Finansies), 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000 of awicomb@parliament.gov.za / tsepanya@parliament.gov.za / nmangweni@parliament.gov.za of by tel (021) 403-3759 / (021) 403-3738 / (021) 403-3782.**

**Afskrifte van die Fiskale Raamwerk en Inkomstevoorstelle sal op 25 Februarie 2026 by www.treasury.gov.za beskikbaar wees.**

**Uitgereik deur agb M J Maswanganyi, LP, Voorsitter: Staande Komitee oor Finansies (Nasionale Vergadering) en agb S Ndhlovu, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Finansies (Nasionale Raad van Provinsies).**